

# KINDERKERK LES: *Gawes van die Gees - Weet gawes*

## Doel van les:

Ons gesels vanaand oor die *Weet Gawes*.

**Sê:** Maatjies, verlede week het ons geleer van die eerste groep *Gawes* wat die Heilige Gees vir ons gee. Kan julle onthou wat dit was? (As hulle bietjie sukkel, kan jy wys na die mikrofoon wat op geskenk geplak is.

Ons het geleer van die *Spreek Gawes*.

Op die groot geskenk word die gloeilamp vanaand geplak langs die mikrofoon van verlede week. Soos jy praat, kan jy die gloeilamp uithaal en op geskenk plak. Vanaand leer ons dan verder oor die *Weet Gawes*.

## Woord van kennis:

**Ysbreker 1: Raai:** Gooi knope/krale/boontjies in 'n glashouer. Plak "Moenie sluk nie", waarskuwing aan ander kant van bottel, maar kinders moenie sien nie - dis vir volgende die *Gawe*. Maak seker om voor die tyd te tel hoeveel in die houer is. Sê vir die kinders dat jy gister die houer volgemaak het en net jy weet hoeveel daarin is. Hulle moet kyk of hulle kan raai hoeveel in die houer is.

**Sê:** Ons gaan vanaand leer van die *Woord van Kennis*. Nou dit is nie iets wat ons in 'n boek gaan leer nie. God sal vir iemand iets wys van 'n persoon wat net daardie persoon weet. Soos met die houertjie, het net ek geweet hoeveel knope/krale/boontjies daarin was. Maar God kan vir jou deur 'n *Woord van Kennis* laat weet hoeveel daarin is. So God wys jou iets wat die persoon dalk gedoen het of met hulle gebeur het.

## Woord van wysheid:

**Ysbreker 2: Woord van Wysheid bottel:** Neem ander bottel en plak aan een kant waarskuwing en ander kant bemoediging prentjie. Wys prentjies vir kinders en vra of hulle verstaan wat die prentjies beteken. Gooi 'n klompie senarios in die bottel en vra vir kinders wat kan lees om vorentoe te kom en dit hardop uit te lees.

## Senarios:

- Sê vir jou maatjie die Here sê daar gaan genoeg kos môre vir hulle wees om te eet. Die Here wil net hê die maatjie moet aanhou glo in Hom.
- Sê vir jou maatjie die Here waarsku hom dat hy 'n verkeerde keuse gaan maak. Dinge gaan nie goed uitwerk as hy die ding kies nie.
- Sê vir mamma sy moet met 'n ander pad môre skool toe ry. Daar is gevaar op die gewone pad.

**Sê:** Kom ons gesels oor wat 'n Woord van Wysheid kan beteken. Hierdie was sulke klein voorbeelde van wat dit kan wees. Nou met hierdie Gawe is dit nie om in 'n boek te gaan lees en vreeslik slim te wees nie. Die Here sal vir julle iets wys om vir 'n persoon te sê. Dit kan wees om hulle te waarsku of beter te laat voel en sal vir hulle sê wat die Here wil hê hulle moet doen. Net soos jy nie vooraf geweet het wat op die papiertjie gestaan het nie, gaan jy nie weet wat om te sê tot die Here dit vir jou kom gee nie.

### **Onderskeiding van geeste:**

**Ysbreker 3: Jellybeans toets:** Sit twee bakkies neer. Sit in die een bakkie soet jellybeans en in die ander een suur jellybeans. Roep so twee kinders wat glad nie van suur jellybeans hou nie vorentoe. Vra vir hulle of hulle kan sien watter jellybeans is die lekker soetes en watter is die nie so lekker suur jeallybeans. Kan hulle dalk raai?

**Sê:** Laastens leer ons vanaand van die Gawe van Onderskeiding. Nou dis een yslike groot woord, maar kom ons gesels daaroor. Die Gawe help jou om te weet of iets voor jou soos 'n boodskap in die kerk van God is en of dit van die duiwel is. Die lekker soet van God of die duiwel se suur.

Kom ons bid nou saam dat God hierdie gawes deur ons sal laat werk.

Sluit af met gebed.



